**Belydenisaflegging- Sondag 19 Februarie 2023**

**Die lewe deel, ons speel**

Die lewe is nie maklik nie (Wys Uno Prent)... Die lewe gee soms vir ons almal moeilike kaarte om mee te speel. Die kinders wat hier sit sal dit goed weet. Jy word nie gekies nie. Die verhouding werk nie uit nie. Jy kry nie die punt nie. Jy wen nie die wedstryd nie.

Die lewe deel en ek speel

God praat op verskillende maniere. Vanoggend gaan ek met julle deel hoe ek sy stem op verskillende terreine gehoor het. Die kinders van die Belydenis klas en ons het ongelooflike gesprekke gehad. Die jaar eindig deurdat ons vir hulle versoek/vra om hul eie unieke getuienis neer te skryf. Die opdrag is: Skryf twee A4 bladsye oor "My geloof in God". Of jy kan skryf oor Godsoomblikke in jou lewe. Of oor geloof in jou huis.

Terwyl ek die kinders se baie persoonlike unieke getuienisse lees, was my eerste reaksie, age nee, het niemand ooit die kinders geleer hoe om te spel nie? Nadat ek verby dit gekyk het, was ek diep geraak deur hoe eerlik die kinders is.. En deur die loop van vanoggend gaan ek baie van die kinders se skrywe annoniem met julle deel. En ek wil jou vry maak, moenie nou probeer heeltyd dink Wie het dit geskryf nie, was dit daardie een of daardie een, fokus liewer op wat die kinders geskryf het. Want dit is eerlik/opreg/soekend. So lees ek hoe verskillende kinders skryf:

*Lewe is moeilik en ek dink almal kan daarmee saam stem. Party vind lewe maklik en party verdrink in sy probleme, maar wanneer jy die Here vind, vind jy ook balans.*

*My geloof in God was nie altyd sterk as n jong seun nie, maar ek groei elke dag en elke jaar as 'n Christen saam met God.*

*Ek moet sê my Ma het 'n groot invloed op my lewe, as dit kom by geloof. Die woord van die Here het sy vir my aangesteek. (klap hande vir die ouers en hul invloed)*

*In lockdown het ek meer n intieme verhouding met God ontwikkel en was honger om meer van God te leer en oor myself en al die amazing goed wat God gedoen het*

*My verhouding met God voel ek is baie meer casual as meeste mense sin maar ek het steeds al die respek in die wêreld vir God want ek glo as daar nie n level van vrees is nie gaan jy nie in lyn bly nie.*

*Die Here het my deur elke moeilik tyd van my lewe gewys dat hy jou nie deur iets sal sit wat jy nie kan hanteer nie, dat hy saam met jou sal wees elke stap van die pad en jou lief hê ongeag jou verlede.*

Ek het vroeër die jaar een van die mooiste verhale gelees. En van alles plekke het dit gekom vanuit Die Huisgenoot. Die verhaal gaan oor 'n meisie genaamd Zinhle Jiane wat wooi op die plaas Waaikraal buite die dorpie Delmas, Zinhle wat aan die einde van 2022 klaargemaak het met matriek. Die verhaal gaan oor die feit dat sy haar matrieksertifikaat gekry het. En jy kan nou dink, ag dit is nie te moeilik nie. Maar ons almal se lewens lyk nie dieselfde nie. Zinhle Jiane woon saam met haar Ouma op 'n plaas. Dus lei ek af dat die Pa en Ma figure afwesig is.

Soggens 04:00 staan sy op om vuur aan te steek vir warm water, want daar is geen elektrisiteit by haar Ouma se huis nie. Na 'n eenvoudige ontbyt moet sy 8 km stap tot by die bus. Dan vat die bus haar skool toe en elke dag na skool wanneer die bus haar weer aflaai, moet sy weer die 8km aandurf. Dit is 16km per dag wat sy loop.

*Die storie is vir my so treffend. 8 km skool toe en weer 8 km terug. Dit is die ekwivalent van jy wat van hier (Kraggakamma gemeente) af elke dag moet stap tot by Baywest en dan tel die bus jou op.. En na skool moet jy weer van Baywest af terugloop hiernatoe. Of Dit is so goed jy meot van hier loop na Mount Pleasant Laerskool. Of jy moet van hier loop tot by St Georges Krieketveld. Elke dag of dit nou reën, of dit nou baie warm is, elke dag vir skool..*

In my skoolloopbaan moes ek soveel dinge oorkom. Soms het dit vir my makliker gelyk om op te gee. Maar vandag is ek dankbaar ek het nie. My droom is om die omstandighede van die mense rondom my beter te maak. Ek wil nie hê mense moet sukkel soos wat ek gesukkel het nie.

Ek en jy, ons is baie goed, Maar ek glo as ek met geloofsoë kyk, dan is ons elkeen Geliefd- Geroep- Gestuur.... Of jy kan sê jy is geseënd om te seën. Jy besef dit dikwels in jou lewe deur gebed.

*Een van die Belydenisklas Tieners Skryf:*

*Gebed vir my is soos 'n storie, 'n deel van my wat ek net met God kan deel. 'n Manier om my probleme een kant te stoot en weer vry te kon voel in my lewe. Om oop te voel in my dag tot dag lewe.*

Sing:

Ons gaan nou uit die Bybel vanuit Psalm 22 lees. 2 van die Belydenisklas kinders skryf:

*Toe ek klein was, was die Bybel net 'n storieboek. Nous dit 'n boek van wonders en lewenslesse vir my alledaagse lewe.*

*Alles wat jy nodig het om te weet is in die Bybel, dit is jou kompas in lewe.*

Psalm 22: 2-3

2. My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?
3. My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.

Psalm 22:23 staan daar:

23. Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.

(Stilte- Meditasie)

Psalm 22 is die universele gebed van die universele mens deur al die eeue heen. Dit is die gebed van die mens wat weet dat die lewe nie eenvoudig en maklik is nie. Ons kon maklik Psalm 23 gelees het, die Here is my Herder, maar dit is nie so maklik nie. Want die lewe is nie altyd so maklik nie.

Dit is die gebed wat weet dat mense nie altyd vriendelik en tot hulp is nie. Dit is die gebed van die mens wat weet dat ons nie so sterk is soos wat ons dalk mag dink nie. Iewers in die lewe loop ons ons vas en val ons plat. Di elwe gebeur sonder onderskei met almal. Jy word gehaat, jy word vervloek, jy word sleg behandel, jy word geslaan, jy word besteel, jy word gebedel, jy word beskinder, jy word verkul. En jy kan dalk dikwels wonder hoekom die goed juis met jou gebeur? Daar is natuurlik verskeie redes, dalk is dit a.g.v. jou velkleur, dalk a.g.v. jou geloof, of geslag, of beroep? Dalk is dit omdat jy meer of minder as ander het. Of soms gebeur dit omdat jy die waarheid praat, of soms gebeur hierdie goed sonder enige verklaarbare rede. Op daardie plek en in daardie tyd is ons van niks meer seker nie, nie eers van God nie

Psalm 22 is ‘n lied gebed gebore uit: ‘n baie spesifieke lewe, tyd en konteks 'n baie persoonlike belewenis 'n bepaalde verhouding met God. Soos wat ons almal staan. Maar die mooi ding vir my, t.s.v. die Psalm se diep worstel (die woorde wat Jesus self aan die kruis gesê het), kom die Psalm by vers 23 waar daar staan:

23. Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.

U het my uit my nood gered! In die kerk sal ek tussen u kinders daaroor praat. Voor die gemeente sal ek U loof en prys. Ek sal U voor almal prys (Die Boodskap)

Ek wil graag hê julle moet dit onthou. Julle is die klas van 22 (Psalm 22), voorgestel in die jaar 2023 (vers 23)! Ek sal tot eer van U naam getuig in die Gemeente, U in die volle vergadering prys... En dit is nou maklik om te dink, ja in die gemeente, hier vanoggend in Kraggakamma gemeente, maar in die Bybelste tyd het die gemeente verwys na die dorp/gemeenskap waar jy woon. So daar kan staan, ek sal tot eer van U naam getuig in Gqeberha... Ek sal tot eer van U naam getuig in my skool. Ek sal tot eer van U naam getuig in my Gesin. Ek sal tot eer van U naam getuig in my vriendegroep. Ek sal tot Eer van U naam getuig in my toekoms.

Die vraag is egter, hoe lyk en werk dit prakties.

Om dit te illustreer wil ek vir julle ‘n verhaal vertel van wat gebeur het op ons Belydeniskamp:

Ek en hierdie groep mede geliefdes gaan bly begin Oktober laas jaar vir een aand in ‘n huis by St Francis. Ek glo in om mense soos volwassenes te hanteer en vra heel mooi aan die begin van die aand, hoe laat sal julle wil gaan slaap? Hoe laat raak ons stil en rustig en is dit tyd vir ligte uit. 23:00 Dominee kom die antwoord... Vol hoop klim ek toe daardie aan in die bed. Maar die huis is dubbel verdieping en bo is die pool tafel, tafeltennis tafel en van die kinders slaap daar. So teen 23:30 hoor ek ‘n gekap en gaan baie vriendelik boontoe, die kinders het seker vergeet van die tyd. Hul sit toe en speel dominoes. Skuus Dominee, ons gaan nou, ons is amper kaar Dominee. Wel so teen 00:30 toe gaan vra Dominee maar weer. Teen hierdie tyd verjaar een van die kinders en die domino speletjie is nou harder en lekkerder. Ja, Dominee ons is ook moeg, ons gaan nou slaap. Teen 02:30 stap ek toe weer met my diepste stem en bietjie geduld oor en vertel vir die kinders volgende keer stuur ek my vrou op. Teen 03:30 was die huis doodstil en sukkel ek om te slaap.

Wat vir my so mooi was, is die kinders wat Dominoes speel. So eenvoudige ou speletjie. Maar tog een wat mens baie kan geniet, lekker kan lag en ook by kompeterend kan raak. Ek het self mense gesien wat die vakansie dit op die strand op ‘’n tafel speel . Maar hulle slaan omtrent die dominoes hard neer op die tafel, dit is iets om te beleef.

Wat ek nie geweet het nie- is dat in Dominoes is daar 28 blokkies/teëltjies wat nie een dieselfde lyk nie. Ek het nooit geweet dat die dubbel 6 blokkie weeg die meeste en die skoon (blank) blokkie die minste. Jy begin met die dominoes wat onderstebo op die tafel lê en dan vat elkeen vir hom ’n paar totdat daar niks meer oor bly nie. Die een wat die dubbel 6 het begin. Daar is egter drie goed van dominoes wat ek wil uitlig en dit gaan die raamwerk vir my kort getuienis vorm.

1- Dit is jou 7 blokkies- wat jy moet gebruik (Die lewe deel, ek speel)

Die Her het vir jou hierdie 7 blokkies gegee. Hierdie talente, hierdie gawes. Gebruik dit. Speel so goed as moontlik om aan die einde van elke dag, of aan die einde van jou loopbaan met leë hande te sit.

As die Here jou die talent gegee het:

- Om Wimbledon te wen
- Om die Springbokke se vleuel te word
- Om die onderwyser te word wat jy graag na skool groet.
- Die eerlike goeie rekenmeester
- Om die Sielkundige te wees wat mense help
- Om die ingenieur te word wat landskappe mooier/beter maak.
- Om die beste UFC vegter te word
- Om die met jou teken/Kuns mense te help om uiting te gee aan hul emosies.
- Om as Prokureur langs mense te staan en te help.

Gebruik dit.... Vat dit wat die Here jou gegee het en sit dit op die tafel neer. Hou aan deel, hou aan probeer, doen aansoek, probeer weer.

Van die kinders skryf:

*Die Here het vir my talente gegee en ek probeer om dit teen die beste van my vermoë uit te leef, eks baie dankbaar daarvoor en het die Here lief met my hele hart. Ek probeer om sy naam te verheerlik op die rugbyveld sowel as in die klas*

*Ek glo dat God 'n plan het vir my, dat hy 'n mens deur bring op 'n pad na sukses, 'n goeie lewe, selfs al gaan dinge partykeer moeilik. God berei ons voor vir dat wat Hy will hê ons moet doen.*

2- Jy kan klop ((jy mag wonder en jy mag wag)

Een van die mooiste oomblikke in Dominoes is vir my wanneer die speler nie kan speel nie… Wanneer die dominoes in sy hand hom/haar nie toelaat om aan te beweeg nie. Die persoon sal dan dood eenvoudig net wanneer dit sy beurt is (klop) (klop)….

Ek wonder sommer of ons in ons lewe genoeg dit kan doen (klop) (klop) (Klop). Dt daar in die lewe geleenthede gaan wees, waar almal 'n bepaalde hoeveelheid drink, en jy gaan dan weet, hierdie is nou genoeg vir my. Daar is geleenthede waar mense op 'n sekere manier praat, en dan gaan jy klop (want jy weet jy praat nie so nie), daar gaan besluite gemaak word wat mense raak, sommige sal se ag man ons doen dit net eenkeer, die wêreld werk maar so, maar dan sal jy weet om te lop. Daar gaan "once in a lifetime, vinnige ryk word geleenthede" oor jou pad kom, maar jy gaan weet dit stem nie saam met jou waardes nie. Dan moet jy klop. Ons het laasweek gesels oor laat jou JA jA wees, en laat jou NEE NEE wees.

Of dalk (en dit is waarmee ek sukkel) dan ons soms so hou van stilbly (klop klop klop) dat ons te min sinvol aan die speletjie deelneem.

Een van die tieners skryf:

Sedert xxx het ek begin leef soos God wil hê. Or altans probeer ek. Ek luister steeds na musiek wat ek nie moet nie. Ek oordeel dikwels en vertel nou en dan leuens, maar ek probeer. Ek probeer liefhê soos God lief het, ek probeer vergewe soos Hy vergewe en probeer omgee soos God omgee en ek probeer met meer geduld rustig die lewe aanpak.

Die derde en laaste moment van Dominoes is:

3: Dit moet pas.

Soos met woorde- kan mens die speletjie mooi of lelik speel.  Opbouend of afbrekend. Die woorde wat ons sê kan van pas- of onvanpas wees. Die woord wat ons wil sê pas dalk nou nie so mooi… maar in die volgende rondte sal dit meer pas…

En dit is dan wanneer dit gebeur… Een klein woordjie en dan tuimel die hele besigheid inmekaar… Een vuil kyk… Een ongepaste grappie….

Maar dit is nie waarvoor die speletjie daar is nie…

En die mooi wonderlike ding- wat die bobaas spelers regkry- is om so te leer uit die speletjie van die lewe dat dit vir hul mooi- en maklik is om keer op keer nie te wen nie- maar goed deel te neem- en te weet wat om wanneer te gebruik… Want die 6 pas net by die 6… En die 5 net by die 5. En die 4 net by die 4. En die 3 net by die 3. En die 2 net by die 2. En die 1 net by die een. En die blank net by die blank….

Psalm 22 sê dat daar nie net in die lewe goeie en mooi goed gaan wees nie, soms gaan jy by die slegte goed ook jou geloof moet pas. Alles gaan nie altyd mooi volgens plan verloop nie, maar onthou, dit is nie dat God by jou plan hoef in te pas nie, maar liewer jy wat by God se plan moet inpas.

En omdat jy weet dit moet pas- sal jy ook vinnig agterkom dat dit wat jy gee, dikwels terugkom na jou (Karma). God of sleg…. Die vriendelikheid, die omgee, die liefde. Maar sonde en verkeerde keuses kan jou oom maklik vang. Veral as jy dink niemand hoef of sal daarvan weet nie,

Maar wat my die meeste opgewonde maak, is die moontlike Domino effek van hierdie kinders se geloof in die skool, in die wêreld. Jy hoef nie ‘n Dominee te word, of noodwendig by die skool ‘n csv leier te wees nie, jy kan net deur wie jy is, skaamteloos God gaan loof en prys in hierdie wêreld.

*Twee van die kinders skryf:*

*Ek weet vandag dat dit nie saak maak waarheen die lewe my lei nie, ek sal nooit alleen wees nie. Ek weet dat ek glo in ‘n God wat altyd daar is vir my en dat ek Hom ek altyd in my hart sal saamdra.*

*Ek is innig dankbaar dat ek myself, my bestaan, aan God oorgegee het. Dat ek op die regte pad stap (wat nie altyd maklik is nie) want ek weet verseker, maak nie saak wat nie, by GOD is enige iets moontlik en hy is altyd by jou.*

Belydenisaflegging/Voorstelling.

Slotlied.